

eish!

Personeelblad van die NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 4 No 7 Desember 2010

Lees binne!

3

Studente stem en dosente wen

7

Kragverbruik skok

8

Kwaliteit is vir hom onontbeerlik

Prof Heilna du Plooy se navorsing oor die wetenskap van stories het haar die toekenning van Mees Produktiewe Senior Navorsers van die Jaar (2009) besorg. Dié letterkundige en bekende digter is 'n dosent by die Skool vir Tale in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus. Lees op p4 en 5 meer oor die glansgeleentheid waartydens sy en ander NWU-personeellede vereer is.

**Sy kén
haar storie**



Beste kollegas

Die sokkerwêreldbeker lê reeds ver terug en 2010 lê op sy rug. Met die laaste eksamen-vraestelle wat afgehandel word, kan ons weereens met dankbaarheid terugkyk op 'n uiters suksesvolle en stabiele akademiese jaar.

In hierdie uitgawe lees ons meer oor ons top navorsers en die goeie werk wat deur dosente in die klas gedoen word. Ek is werklik beïndruk met die mate waarin ons missie op

'n gebalanseerde wyse vergestalt word. Hoogtepunte vir die jaar is volop. In 'n neutedop: met elkeen van u se hulp is ons besig om die NWU-handelsmerk en -beeld op 'n unieke wyse in die sektor te vestig.

Kom ek wys hoe ons die afgelope jaar die pas aangegee het:

- Die NWU hou in Maart 'n transformasie colloquium – voor enigiemand anders in die sektor – waar ons openlike en konstruktiewe debatte kon voer.
- Ons kry in Junie 'n uiters gunstige HOKK-verslag na afloop van 2009 se kwaliteits-oudit, wat bevestig dat ons genoegsame kwaliteitsverbeteringsprosesse in plek het.
- Ons onderrig-leer tel onder die top vyf in Suid-Afrika wat deursetsyfers betref en ons het die tweede beste graadvol-tooingskoers in SA.
- Ons totale navorsingsuitsette vir 2009 plaas ons onder die top ses of sewe in die land en ons ontvang die meeste THRIP-toekennings in SA.
- Met ons innovasie, patente en gemeenskapsdiens tel ons sekerlik onder die top drie universiteite in die land.
- Infrastruktuurontwikkeling en makro-

instandhoudingsprojekte ten bedrae van amper R300 miljoen word in 2010 en 2011 uitgevoer.

- Ons wen die toekenning vir die bes korporatief bestuurde instelling vir die vierde agtereenvolgende jaar.
- Gemeet aan ons prestasies is die NWU met sy drie kampusse waarskynlik die bes gebalanseerde instelling t.o.v. studentesport, kultuur en algemene studente-ervaring.

In kort – die NWU slaag toenemend daarin om nasionaal relevant te wees en 'n groot en diverse bydrae te maak!

Kollegas, baie dankie vir elke personeellid se harde werk en loyaliteit gedurende die afgelope jaar. 2011 sal sekerlik nuwe uitdagings bring – en daarom vertrou ek dat u almal 'n goeie blaaskans sal geniet en dat u en u geliefdes 'n vredevolle tyd mag beleef, veral oor Kersfees.

Heuns Cloff

Eish! die jaar se gô is uit!

Hier is dit nou: die einde van 2010, die jaar waarin Suid-Afrika die wêreld (en waarskynlik onself ook) verras het met 'n suksesvolle Sokkerwêreldbekertoernooi.

Ook die NWU het uitblink – lees gerus meer oor die dosente wat Rapportpryse vir Inspirerende Onderrig ontvang het (p3) en diégene wat op die gebied van navorsing, innovasie en gemeenskapsverbintenis presteer het (p4 en 5).

Die bekende Amerikaanse volkekundige, Margaret Mead, het gesê: "Never doubt that a small group of thoughtful, committed citizens can change the world. Indeed, it is the only thing that ever has."

Net so kan één begeesterde dosent wat 'n inspirerende les aanbied, of één toegewyde wetenskaplike wat sy of haar navorsing of nuwe uitvinding tot voordeel van die mensdom aanwend, 'n verskil in baie mense se lewens maak. Maar dit is nie net in hierdie uitgawe wat ons spog met die

uitnemendheid van NWU-personeel nie – ons het ook in die vorige ses 2010-uitgawes van Eish! hieroor berig. Wanneer 'n mens deur dié uitgawes blaai, kom woorde soos 'bravo' en 'welgedaan' onwillekeurig by jou op.

In ons strewe na volhoubaarheid ten opsigte van die omgewing het ons met Fisiese Infrastruktuur en Beplanning gaan gesels oor die NWU se elektrisiteitsverbruik. Ons beplan ook 'n groener aanslag vir volgende jaar – hou gerus die volgende uitgawes van Eish! dop.

Die Skool vir Voortgesette Onderwysers-opleiding neem die voortou in hul strewe na kwaliteit – gaan lees gerus op p13 oor die groei in afstandsonderrig.

Die weners van die kompetisie in uitgawe ses sal in die eerste uitgawe van 2011 aangekondig word, waarin nog 'n opwindende kompetisie sal verskyn.

Nou ja kollegas – fluit, fluit, ons storie is uit.

Geniet die laaste stukkie van die jaar. Eish! wens graag almal 'n geseënde Kerstyd en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Mag almal met hernude moed en krag terugkeer vir nog 'n opwindende jaar by die NWU.

Groete

Marelize & Nelia



Inspirerende dosente wen R50 000 elk

Net wanneer jy self passievol en gemotiveerd is, kan jy ander inspireer om hul volle potensiaal te ontwikkel.

Dit is juis hul passie en gemotiveerdheid wat gesorg het dat 15 NWU-dosente onlangs die Rapport-toekennings vir Inspirerende Onderrig ter waarde van R50 000 elk gewen het.

Die inspirerendste dosente op die drie kampusse – een in elke fakulteit – is aangewys nadat studente op 20 Oktober 2010 per sms vir hulle gestem het.

Die weners het hul toekennings, geborg deur die Sondagkoerant, Rapport, onlangs tydens glansgeleenthede op die verskillende kampusse ontvang.

HULLE HET GEWEN

Mafikeng-dosente wat toekennings ontvang het, is me Janet Hanna, (Handel en Administrasie), dr Freddy Khunou, (Regte), me Myrtle Erasmus (Opvoedkunde), dr Oziniel Ruzvidzo, (Landbou, Wetenskap en Tegnologie), en dr Nomonde Phetlho-Thekisho, (Mens- en Sosiale Wetenskappe).

Die weners op die Potchefstroomkampus is me Sophia Kapp (Lettere en Wysbegeerte), prof Ernst Breet (Natuurwetenskappe), mnr Albert Coetsee (Teologie), me Elize Harris (Opvoedingswetenskappe), prof Anél du Plessis (Regte), mnr Dawie Mong (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), mnr Henri Marais (Ingenieurswese) en dr Adrie Roux (Gesondheidswetenskappe).

Op die Vaaldriehoekkampus is me Madeleine Groenewald (Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie) en dr Hanneltjie Meintjies (Geesteswetenskappe) as weners aangewys.

GELD VIR ONTWIKKELING

Net soos in die geval van die NWU se jaarlikse Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid, word die weners se prysgeld ook in die Universiteit se

personeelontwikkelingsfonds inbetaal, waar dit vir professionele ontwikkeling aangewend kan word.

Die naaswenner in elke NWU-fakulteit het 'n sertifikaat van verdienstelikheid ontvang. Dié inligting is beskikbaar op die NWU se webblad onder Nuus > Persvystellings.

Die kompetisie, wat deur die studenterade op die onderskeie kampusse hanteer is, sal voortaan elke jaar plaasvind.

Dr Adrie Roux (heel regs) is die wenner van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus. By haar is me Danél Benade (heel links), Studenteraadslid van die Potchefstroomkampus en Voorsitter van die Kampus se Akademiese Raad, en prof Herman van Schalkwyk, Rektor van die Potchefstroomkampus.



Vaaldriehoekkampus se fakulteitsweners is heel links me Madeleine Groenewald van Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie en heel regs dr Hanneltjie Meintjies van Geesteswetenskappe. By hulle is prof Thanyani Mariba, Rektor van die Vaaldriehoekkampus (tweede van links), en me Liza Albrecht, Redakteur van Rapport (tweede van regs).



Op die Mafikengkampus het vyf dosente toekennings ontvang. Van links na regs is mnr Mwanawina Ilyayambwa, Voorsitter van die Mafikengkampus se Verteenwoordigende Studenteraad, me Janet Hanna, wenner: Handel en Administrasie, prof Marlene Verhoef, Raadgewer: Kantoor van die Visekanselier, dr Freddy Khunou, wenner: Regte, me Anastasia de Vries, Rapport, me Myrtle Erasmus, wenner: Opvoedkunde, dr Oziniel Ruzvidzo, wenner: Landbou, Wetenskap en Tegnologie, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, en dr Nomonde Phetlho-Thekisho, wenner: Mens- en Sosiale Wetenskappe.

Wat 'n aand!

Tientalle NWU-personeellede is op 29 Oktober 2010 tydens 'n glansgeleentheid in Potchefstroom vereer vir hul harde werk op die terrein van navorsing, innovasie en gemeenskapsbetrokkenheid.

Prof Heilna du Plooy van die Skool vir Tale in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus is die Mees Produktiewe Senior Navorser van die Jaar (2009).

Haar navorsing handel hoofsaaklik oor literêre narratologie, wat die wetenskap van stories of teorie van die vertel van verhale is. In 2009 het hul eenheid, die Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks, spesifiek navorsing gedoen oor temas soos identiteit en ruimte in die letterkunde.

Die toekenning vir die Mees Produktiewe Junior Navorser van die Jaar (2009) gaan aan prof Du Toit Loots van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus.

Sy huidige navorsing maak hoofsaaklik gebruik van metabolomikategnologie. Hy gebruik ultramoderne analitiese toerusting tesame met bioinformatika vir beter karakterisering van siektes, nuwe metodes vir die identifikasie van siektebiomerkers en siektediagnose.

Hoewel hy metabolomika tans vir tuberkulose- en MIV-navorsing gebruik, het hy ook ervaring van die gebruik van soortgelyke navorsingsbenaderings vir die bestudering van aangebore metaboliese defekte, diabetes, neurodegeneratiewe siektes, metaboliese sindroom, mikronutriënttekorte en alkoholisme.

Die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit van die Jaar is die Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing. Dié eenheid is deel van die Fakulteit Teologie op die Potchefstroomkampus, met prof Francois Viljoen as Direkteur.



Die Sentrum vir Dieregesondheid op die Mafikengkampus het 'n toekenning ontvang vir hul betrokkenheid by die gemeenskap. Hier oorhandig prof Thanyani Mariba (regs), Rektor van die Vaaldriehoekkampus dit aan prof Blessing Dzoma (links) wat dit namens die Sentrum in ontvangs neem.

Ook 23 personeellede wat in 2009 deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeer of hergegradeer is, is vereer. Elf hiervan was nuwe graderings.

KREATIWITEIT BELOON

Verskeie persone het erkenning gekry vir hul visuele, uitvoerende of kreatieweskryfkuns-uitsette in 2009. Twee van hulle is skrywers in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus: prof Hans du Plessis, Direkteur: ATKV-Skryfskool en me Sophia Kapp van die Skool vir Tale.

Die ander personeellede wat vir hul kreatiewe uitsette beloon is, is mnr Richardt Strydom van die Skool vir Grafiese Ontwerp en mnr Steven Bosch van die Skool vir Kommunikasiestudies, albei van die Potchefstroomkampus.



Prof Du Toit Loots (heel links) van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus is aangewys as die Mees Produktiewe Junior Navorser van die Jaar. By hom is van links prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Beplanning en Kwaliteit, Vaaldriehoekkampus en prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie.

Innoverende gees laat hulle wen

Innovasie word hoog geag by die NWU – daarvan getuig die Universiteit se slagspreuk: Innovasie deur diversiteit. Tydens die erkenningsgeleentheid is verskeie innoverende personeellede dan ook vereer.

NWU-personeel wat oorkondes ontvang het vir die bydrae wat hulle tot die uitbouing van die Universiteit se Intellektuele Eiendomsregportefeulje gelewer het, is die volgende:

MEER AS EEN PATENT ELK:

- Mnr Barend Visser (vyf patente, Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtefisiologie)
- Prof Okkie de Jager (drie patente, Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtefisiologie)
- Prof Leon van Rensburg (twee patente, Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur)
- Prof Anne Grobler (twee patente, Skool vir Farmasie)

EEN PATENT ELK:

- Prof Esté Vorster (Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding)
- Mnr Attie Jonker (Skool vir Meganiese Ingenieurswese)
- Mnr Johan Bosman (Skool vir Meganiese Ingenieurswese)

- Prof Awie Kotzé (Skool vir Farmasie) Hierdie personeellede is almal van die Potchefstroomkampus.

Mnr Frans Kruger van die Institusionele Regskantoor het 'n spesiale oorkonde ontvang as erkenning vir die rol wat hy die afgelope jare gespeel het in die hantering van dié portefeulje.

INNOVEERDERS EN UITVINDERS BLINK UIT

Die volgende personeellede of groepe het toekennings vir innovasie ontvang:

- Prof Okkie de Jager (Topuitvinder)
- Mr Barend Visser (Topuitvinder)
- Prof Leon Van Rensburg (Erkenning as uitvinder)
- Me Ulrike Janke, Sentrum vir Teks-tegnologie (CText) (Top-tegnologie-innoveerder)
- Die Fisika-toepassingsgroep: Mnr Barend Visser (Erkenning as tegnologie-innoveerder)
- Die Institusionele Taaldirekoraat: Me Annelise Beukes (Verbetering van NWU-bestuurstelsel, -proses, of -werkverrigting).

HULLE DIEN DIE GEMEENSAP

Personeel en studente van die NWU is tans by meer as 200 gemeenskapsprojekte betrokke. Die volgende sentra, projekte en persone het toekennings ontvang vir die ontwikkelingsrol wat hulle in die gemeenskap speel:

- Sentrum vir Gemeenskapsreg, Mafikengkampus, vir die verskaffing van regs-dienste aan die gemeenskap.
- Sentrum vir Dieregesondheidstudies, Mafikengkampus, vir die verskaffing van dieregesondheidsdienste aan die gemeenskap.
- Dr Mbuthi Hlophe, Departement Chemie, Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus, vir die voorsiening van skoon water aan die gemeenskap van Madibogo.
- Ikateleng-projek op al drie kampusse, vir die verskaffing van aanvullende onderrig vir leerders en onderwysers.
- Prof Leon van Rensburg, Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur vir die Monontsha-projek by die Impalaplatinummy naby Rustenburg.
- Prof Japie Kroon, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus vir sy ondersteuning aan die *Students in Free Enterprise* (SIFE)-program.
- Prof Annamaria Kruger, Direkteur: *Africa Unit for Transdisciplinary Health Research* (AUTHeR), Potchefstroomkampus, vir haar betrokkenheid by die *Farm Labour And General Health* (FLAGH)-projek.

Ook diegene wat hul kennis en vaardighede beskikbaar stel deur hul deelname aan internasionale organisasies, instellings en komitees, is vereer:

- Prof Marius Potgieter, Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
- Prof Harm Moraal, Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
- Prof Minrie Greef, *Africa Unit for Transdisciplinary Health Research* (AUTHeR), Potchefstroomkampus
- Prof Justus Roux, Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks, Potchefstroomkampus
- Prof Bertus van Rooy, Skool vir Tale, Fakulteit Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekskampus.



Twee skrywers in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus, me Sophia Kapp van die Skool vir Tale (tweede van links) en prof Hans du Plessis van die ATKV-Skryfskool (tweede van regs), is vereer vir hul kreatiewe uitsette in 2009. By hulle is prof Jan Swanepoel, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (heel links) en prof Hein Viljoen, Direkteur: Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks (heel regs).



As deel van hul 30 jaar-vieringe het die Mafikengkampus 'n rit deur die stad onderneem. Hulle het onder meer 21 lande se vlae vertoon – een vlag vir elke land waarvan daar studente op die Kampus is.

30 jaar met groot fanfare **gevier** -

*Mafikengkampus verf hul stad **BLOU***

Al wat leef en beef – personeellede, studente, alumni en die gemeenskap van Mafikeng – was deel van die 30 jaar-vieringe van die Mafikengkampus.

Die vieringe, wat reeds met die opening van die Kampus op 10 Februarie 2010 afgeskop het, het in Oktober 'n hoogtepunt bereik.

SPIERKRAG EN KULTUUR

Op Woensdag 6 Oktober het personeel en studente aan 'n pretdraf en daarna aan 'n optog deur die stad deelgeneem.

Op Donderdag 7 Oktober was dit 'n jolige kultuurdag vir die studente. Digters, tradisionele dansers, 'n hiphop-kunstenaar en die kampuskoor het opgetree.

Tydens die feesweek het die personeel en studente mekaar ook op die sokkerveld die stryd aangesê. Hier moes die ringkoppe die knie buig voor die jeugdigheid van die studente – ook toe Bestuur en die Kampus se Verteenwoordigende Studenteraad teen mekaar te staan gekom het.

BYDRAE ERKEN

Op Vrydagmiddag 8 Oktober het dr Lucas Mangope, stigterslid van die voormalige Universiteit van Bophuthatswana,* 'n prestige-lesing op die Kampus gelewer. "Toe ons in die 1970's begin het om ons droom aan die publiek bekend te stel, het baie dit afgemaak as 'n grap. In daardie stadium kon niemand dink dat daar in Mafikeng so 'n vooraanstaande tuiste vir geleerdes sou verrys nie," het hy gesê.

Tydens dié geleentheid het prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus, 'n Luiperd-toekenning aan dr Lucas oorhandig as erkenning vir sy reusebydrae tot die stigting en ontwikkeling van die Universiteit.

Daardie aand het prof Dan tydens 'n glansgeleentheid vir alumni nog ses Luiperd-toekennings oorhandig aan persone wat uitstaande diens aan die Universiteit of hul gemeenskappe gelewer het:

- **Mnr Sebastian Mahila en dr John Tau** – Stigterslede van die Universiteit van Bophuthatswana.



Mnr Mwanawina Ilyayambwa, Voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad (links) oorhandig 'n gedenkboek aan dr Lucas Mangope, stigterslid van die Universiteit van Bophuthatswana (regs). Prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus (middel) het 'n Luiperd-toekenning aan hom oorhandig.

- **Regter Yvonne Mokgoro** – Alumnus: voormalige Universiteit van Bophuthatswana (BJuris, 1982 en LLB, 1987) en dosent: Fakulteite Regte, tot in 1991. Tans: Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Regskommissie en 'n regter van die Konstitusionele Hof.
- **Me Naledi Pandor** – Dosent : Engels, 1986-1989, Universiteit van Bophuthatswana. Tans: Minister van Wetenskap en Tegnologie.
- **Mnr Michael Morake Rabanye** – Alumnus: Universiteit van Bophuthatswana. Prokureur en bekende musikant. (Mnr Rabanye was siek en kon nie self sy toekenning ontvang nie – hy is drie dae ná die funksie oorlede.)
- **Mnr Gaba Tabane** – Alumnus: Universiteit van Bophuthatswana en later die Universiteit van Noordwes (BCom, 1994 en BCom(Hons), 1996). Dosent: 1996 – 1999. Tans: Direkteur by Deloitte.

* Die Universiteit van Bophuthatswana was 'n voorloper van die Universiteit van Noordwes, wat tydens die samesmelting in 2004 deel van die Noordwes-Universiteit geword het.

Jy moet *meet* om te weet

Met die huidige elektrisiteitskrisis in Suid-Afrika is besparing 'n belangrike onderwerp. Eish! het met me Liesel van Wyk, Afdelingshoof; mnr Christo de Beer, Tegnikus: Meet en Weet; en mnr Hendrik Esterhuizen, Ingenieur; gesels oor wat die Universiteit in dié verband doen.

Die Universiteit se munisipale elektrisiteitsrekening beloop ongeveer R2,4 miljoen per maand, en die NWU gebruik tans ongeveer 9 tot 10 MVA (Miljoen Volt Ampère) elektrisiteit. (In die winter styg dit tot 12 en 13 MVA.)

Hierdie rekening word anders bereken as vir 'n privaathuishouding. Die munisipaliteit hef drie tipes tariewe: standaard, piek, en buite piek, wat basies daarop neerkom dat elektrisiteit op sekere tye van die dag duurder is. Die NWU betaal nie net per standaardseenheid nie, maar 'n oombliklike maksimumgebruik-boete word ook bygevoeg.

Gestel die elektrisiteitsverbruik vir kampus x gedurende maand y word deur die volgende grafiek voorgestel:



Die piek van kampus x se elektrisiteitsverbruik vir maand y is ongeveer 7 250 MVA. Die elektrisiteitsrekening word dus bereken deur die totale elektrisiteitsverbruik (die gedeelte onder die lyn op die grafiek) en die boete gehê op 7 250 MVA bymekaar te tel.

Om die gebruik van elektrisiteit oor die Universiteit heen te monitor en te bestuur is nie 'n maklike taak nie, en dit is hier waar die lasbeheerstrategie – om elektrisiteitverbruik effektief en innoverend te bestuur – inkom.

Dit is ook juis een van die mikpunte van die lasbeheerstrategie om die elektrisiteitsverbruikpiek te verlaag en sodoende die koste daaraan verbonde, te verminder.

DIE 'MEET EN WEET'-KANTOOR

Die 'Meet en Weet'-kantoor van die Departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning (FIB) is die breinkamer, waar enige iets wat met elektrisiteitsverbruik te doen het, gemonitor, ontleed en beheer word.

Wat die kantoor so besonders maak, is dat jy onder andere met die druk van 'n knoppie op die sleutelbord kan sien wat die kragverbruik op 'n spesifieke tydstop op die vier verskillende besigheidseenhede van die NWU is.

Hierdie 'kamer van intelligensie' kan presies sê hoeveel krag elke gebou gebruik. Die meeste elektriese toestelle soos lugversorgers, verwarmers, warmwaterstelsels en noodkragtoevoer kan ook hiervandaan beheer word.

Prof Johan Delpont, raadgevende ingenieur by NERSA (National Energy Regulator of South Africa), is baie beïndruk met dié stelsel en is van mening dat dit een van die bestes in die land is.

DIE LASBEHEERSTRATEGIE IS 'N LEEFWYSE

Hendrik sê elektrisiteitsbesparing, volhoubaarheid en die lasbeheerstrategie is 'n leefwyse. "Daar is nie 'n korttermynplan om gou-gou elektrisiteit te bespaar, net om weer terug te keer na ons ou leefwyse nie. Almal moet beseft dat ons 'n leefstylverandering moet implementeer en meer groen moet leef," sê hy.

FIB poog om die lasbeheerstrategie daadwerklik toe te pas. So word byvoorbeeld

die warmwaterstelsel in die koshuise op die kampusse gedurende die dag beheer om die elektrisiteitsverbruikpiek so laag moontlik te hou.

Al vier besigheidseenhede maak gebruik van energiebesparende gloeilampe, las-skakelaars is op alle geisers en verwarmers aangebring, en spesiale storkoppe is in die koshuise geïnstalleer wat 'n 25% besparing op warm water tot gevolg het.

PLANNE VIR DIE TOEKOMS

Die FIB-span is vol planne vir die toekoms. Nie net word nóg meer en beter lasbeheer-meganismes beplan en nagevors nie, maar ook word daar 'n bewusmakingsveldtog vir volgende jaar beplan. Hou gerus die Eish! dop vir meer inligting!

MEER OOR NOODKRAG:

Die Institusionele Kantoor en die Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus se noodkragstelsels is in plek en teen Januarie 2011 behoort die noodkragstelsel op die Mafikengkampus geïnstalleer te wees. Dié stelsels wissel in grootte:

- Institusionele Kantoor: 0,8 MVA
- Mafikengkampus: 3,3 MVA
- Potchefstroomkampus: 6,6 MVA
- Vaaldriehoekskampus: 1,7 MVA

Die grootste stelsel op die Potchefstroomkampus gebruik ongeveer 1 000 liter diesel per uur. As so 'n stelsel vir 24 uur lank loop, kos dit 'n allemintige R192 000.

Kwaliteit is vir hom 'n lewenswyse

In ons reeks oor die Viserektore van die NWU, kom prof Sevid Mashego, Viserektor: Beplanning en Kwaliteit op die Mafikengkampus, in hierdie uitgawe van Eish! aan die beurt.

Uitnemendheid en kwaliteit speel bepaald 'n belangrike rol in prof Sevid Mashego se werk- sowel as sy persoonlike lewe.

By die werk speel hy 'n leidende rol om te verseker dat die akademiese programme op die Mafikengkampus op standaard is, en tuis inspireer hy en sy vrou, prof Teresa-Anne Mashego ('n akademikus aan die Universiteit van Limpopo), hul kinders om te streef na akademiese en loopbaanuitnemendheid. (Sien tekskassie.)

Prof Sevid se portefeulje as Viserektor behels kwaliteit sowel as beplanning, en Eish! wou by hom weet waarom hierdie twee kwessies so belangrik is en watter uitdagings dit vir die Kampus inhou.

KWALITEIT

Prof Sevid beskou kwaliteitsversekering as baie belangrik, veral teen die agtergrond van al die veranderinge wat die Kampus oor die afgelope drie dekades deurgemaak het.

Die Mafikengkampus het in 1980 tot stand gekom as die Universiteit van Bophuthatswana (UNIBO), en aanvanklik is daar hoofsaaklik vierjarige professionele graadprogramme aangebied.

Die meeste van hierdie programme het driejarige basiese graadprogramme geword toe die Universiteit in 1994 in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel geïnkorporeer is as die Universiteit van Noordwes. Ná die samesmelting in 2004 het die Universiteit 'n kampus van die Noordwes-Universiteit geword.

"In die lig van hierdie veranderinge is dit belangrik dat die programme, vakke in programme en die ondersteuningsdienste aan kwaliteitsversekeringsprosesse en prosedures onderwerp word," sê prof Sevid.

"Dit moet gedoen word om enige tekortkominge ten opsigte van kwaliteitsversekering te ondervang wat dalk onbedoeld in die akademiese aanbod kon ingesluip het. Deur die kwaliteit van ons akademiese aanbod te verbeter, verbeter ons ook ons graduandi."

UITDAGINGS: KWALITEIT

Die kwaliteitsversekeringsproses hou sekere uitdagings in, aangesien daar eers ná die samesmelting in 2004 met die koördinerende van kwaliteitsversekeringsaktiwiteite begin is en dit dus relatief nuut is.

"Een van ons grootste uitdagings is om personeel so ver te kry om kwaliteitsversekeringsbeginsels konsekwent toe te pas, en om bestuurders aanspreeklikheid te laat aanvaar."

Hy glo ook dat personeel deel moet hê aan die opstel van selfevalueringsverslae en verbeteringsplanne.

BEPLANNING

Prof Sevid is ook verantwoordelik vir beplanning op die Mafikengkampus.



Die Mashego-gesin is van links prof Sevid Mashego, Viserektor: Kwaliteit en Beplanning, Mafikengkampus, sy jongste seun, Lebogang, sy dogter, Keitumetse, sy oudste seun, Thoriso, en sy vrou, prof Teresa-Anne Mashego.

“Die Kampus is aanvanklik beplan vir ongeveer 6 000 studente. Nou beplan ons egter vir bestendige groei tot ‘n maksimum van 10 000 studente teen die jaar 2015. Om voorsiening te maak vir só ‘n toename sal ons die fasiliteite en mensehulpbrone kapasiteit moet uitbrei.”

UITDAGINGS: BEPLANNING

Volgens prof Sevid is die grootste uitdaging met betrekking tot beplanning dat bestuurders dikwels nie die behoeftes van die onderseke departemente betyds deurgee nie.

“‘n Mens kan dit toeskryf aan ‘n gebrek aan vaardighede en aan sommige bestuurders se onvermoë om die bestuursinligtingstelsel doeltreffend te gebruik. Gevolglik is dit moeilik om by sperdatums te bly.” Hy glo ook dat daar ‘n behoefte is aan die vestiging van ‘n kultuur van beplanning op die Kampus.

DROME VIR DIE KAMPUS

Prof Sevid het baie drome vir die Mafikengkampus. Op die kort termyn hoop hy dat die 2011-registrasieproses glad sal verloop, en dat nuwelingstudente van ‘n hoë gehalte by die Kampus sal inskryf.

Op die lang termyn wil hy toesien dat die Kampus eendag genoeg fasiliteite met ultramoderne toerusting, hoogs gekwalifiseerde akademiese personeel, ‘n hoë navorsingsuitset, en meer selfgegenereerde derdegeldstroominkomste sal hê.

Hulle is lief om te leer

Vir die Mashego-gesin is tersiêre studie amper net so belangrik soos asemhaal. Prof Sevid het ‘n MSc (cum laude) en ‘n PhD in Dierkunde (Universiteit van Limpopo). Sy vrou, prof Teresa-Anne Mashego het twee meestersgrade – een in Opvoedkundige Sielkunde (Universiteit van Massachusetts, VSA) en een in Kliniese Sielkunde (Universiteit van Zululand). Sy het haar doktorsgraad aan die Universiteit van Limpopo behaal. Hul oudste seun, Thoriso, het ‘n MBChB-graad (Universiteit van KwaZulu-Natal) en is tans ‘n mediese dokter in Kaapstad. Hul dogter, Keitumetse, het ‘n MSc (Universiteit van Limpopo) en is tans ingeskryf vir ‘n MBA (Tshwane Universiteit van Tegnologie). ‘n Maand gelede was sy nog ‘n dosent by die Monash Universiteit in Australië, maar nou het sy haar eie praktyk as kliniese sielkundige. Hul jongste seun, Lebogang, is besig met sy finale jaar van BSc-studie (Chemiese Ingenieurswese, Universiteit van KwaZulu-Natal).

VUURDOOP – Prof Sevid onthou die volgende amusante insident: “In 2003, kort nadat ek by die Mafikengkampus begin werk het, het ‘n groep betogende werknemers geëis dat die Visekanselier hulle persoonlik te woord staan. Toe hulle in die rigting van die kantoor begin beweeg, het ons die sekuriteitsmense gevra om die deur te versper. Die groep het teen die deur begin stamp, en die vier sekuriteitsmense het hulle van die dskant af probeer teëhou. Die deur is in die proses uit sy skarniere gepluk. Die betogers het die manne van sekuriteit én die deur tot by die tafel gestoot waar ons gesit het, en ons omsingel. Maar die sekuriteitsmense het aan die deur bly vasklou asof hulle lewens daarvan afgehang het. Ek het dit nogal snaaks gevind – soos ‘n vuurdoop!”

In ‘n neutedop

Gunstelingereg: Boerbokbredie.

Gunsteling wilde dier: Leeu (ook my totemdier).

Gunstelingfilm: The Greatest Story Ever Told.

Dit maak my gelukkig: Die be-reiking van doelwitte wat ek vir myself gestel het of wat vir my gestel is.

Interessante feite oor my waarvan min mense onbewus is:

My meestersgraad én my doktorsgraad het gehandel oor parasiete wat op visse voorkom. Ek het my dankbaarheid getoon teenoor dié wat ‘n belangrike rol in my akademiese ontwikkeling gespeel het deur nuut ontdekte parasiete na hulle te vernoem. ‘n Doktorsgraadstudent het ook al twee parasiete na my vernoem – Ductylogyrus sevidi en Dactylogyrus mashegoyensis – ter ere van my bydrae in hierdie studierigting.

Bekende persoon met wie ek graag sal wil gesels, en waarom:

Ek wil president Barack Obama of enige ander magtige wêreldleier ontmoet om geleenthede te bespreek vir die opvoeding van minderbevoorregte swart kinders in Suid-Afrika.

Wat ek doen vir ontspanning: Ek luister na musiek, kyk films of video’s oor die natuurlewe, kyk sokker, tennis, krieket en rugby op die televisie, en speel gholף.

Die interessantste plek wat ek al ooit besoek het:

Ek was drie maande lank in Israel om navorsing te doen by die See van Galilea, die Jordaanvallei en die Rooisee. Ek het die geleentheid benut om die hele Israel te sien – veral die dorpie en plekke wat met Jesus Christus geassosieer word. Die kersie op die koek was om op die Rooisee te dryf. Wat ‘n ervaring om rond te dryf sonder enige kans op verdrinking!



Die Mafikengkampus het onlangs hul 30e verjaardag gevier. Hier stap personeel en studente deur die strate as deel van 'n vlootoptog deur die stad. Lees meer op p3.

Chemie-student ontvang Ogilvie-beurs

Mnr Lutendo Chester Murulana, 'n nagraadse student in die Departement Chemie in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, het onlangs 'n Ivan Ogilvie-beurstoeëning van die Korrosie-instituut van Suider-Afrika (CorriSA) ontvang.

Chester het dié toëning gekry vir sy navorsing getiteld *"Corrosion inhibition potential of imidazolium and pyridinium-based ionic liquids on aluminium and mild steel in acidic environments"*.

Sy navorsing is daarop gemik om maniere te vind waarop korrosie beheer kan word deur gebruikmaking van ioniese vloeistowwe as korrosie-inhibeerders.

Dit is die eerste keer dat hierdie tipe navorsing in Suid-Afrika gedoen word, en dit is een van vele navorsingsprojekte wat gedoen word in prof Eno Ebenso (Hoof van die Departement en studieleier) se navorsingsgroep.

CorriSa werk saam met navorsers en akademici van verskeie nywerheidssektore en hoërondewysinstansies, en steun navorsing oor korrosie en korrosiebeheer.



Mnr Chester Murulana, ontvanger van die Ivan Ogilvie-beurs, doen opwindende navorsing oor korrosie.

Navorsingsdag vir Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie

Die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie het onlangs 'n navorsingsdag by die Sentrum vir Dieregesondheidsstudies gehou. Die dag se tema was "Wetenskap vir 'n Ontwikkelings-ekonomie".

Die doel met die geleentheid was om studente aan te moedig om hul navorsing bekend te stel en om 'n navorsingskultuur binne die Fakulteit te kweek ten einde navorsingsuitsette te verbeter.

Die hoofspreker van die dag was prof Edmund K Osae van die Departement Fisika aan die Universiteit van Ghana, wie se navorsingsveld Toegepaste Kernfisika is. Die onderwerp van sy lesing was *"The importance of nuclear energy in an energy mix for security and sustainable development of a country"*.

Volgens prof Mashudu Maselesele, Dekaan van die Fakulteit, het die Fakulteit se nagraadse uitset en navorsingspublikasies die afgelope twee jaar bestendig toegeneem.

"Dit het gegroei van 16,10 eenhede in 2008 tot 26,85 in 2009 – uit die totaal van 32,31 eenhede op die Mafikengkampus. Ons verwag verdere groei vanjaar, en ek is optimisties dat ons sal voortgaan om die gehalte van ons nagraadse studieleiding te verbeter en uit te bou."

Studente-robot ruik landmyne uit

Twee vierdejaar-Ingenieurstudente van die Potchefstroomkampus – mnr Albert Sorgdrager en mnr Johan Pieterse – het pas die prototipe van hul landmyn-opsporingrobot, genaamd “Barnacle”, voltooi wat eersdaags moontlik deur die Verenigde Nasies (VN) ingespan sal word.

Dié robot sal landmyne in ‘n veld vanaf honderde meters opspoor, wat die veiligheidsrisiko vir die operateurs uitskakel.

“Die robot word toegerus met verskeie filters. Dit ry dan rond en vang reukpartikels op. Die

filters word met die robot teruggestuur na sy operateur toe, waar dit dan verder getoets kan word vir die teenwoordigheid van plofstof, sonder dat die operateur enigsins die gevaarlike landmynveld betree het,” sê Albert.

Die navorsingsmaatskappy, Mechem Denel, wat tegnologie aan die SA Weermag voorsien en betrokke is by die “ontmyning” van landmynvelde, het finansiële bygedra tot die ontwikkeling van die robot.

“Hulle wil graag die patent registreer, waarna dit moontlik aan die VN aangebied sal word.”



Biskop Desmond Tutu, FW de Klerk, die destydse Britse Eerste Minister, Margaret Thatcher, Nelson Mandela en oudpresident George Bush van Amerika sal hulleself herken op een van die muurskilderye in die duikweg.

Duikweg word 40

Die duikweg onderdeur die spoorlyn, wat die hoofkampus vanaf die agterkant van die hoofgebou met die Weskampus verbind, vier vanjaar sy 40e verjaardag. Dié deurgang is in 1970 voltooi om ‘n oplossing te bied vir voetgangerverkeer.

Dit was die inisiatief van die Studentekunsvereniging van die Departement Beeldende Kunste om elke jaar tydens Jool ‘n muurskildery in die duikweg te maak. Dié muurskilderye wat deur kunsstudente vanaf 1974 tot 1994 daar aangebring is, maak die duikweg ‘n unieke deel van die Kampus.

Die eerste skildery, geïnspireer deur visioene van Leonardo da Vinci se Laaste Avondmaal, is tydens 1973 se jool geskilder. Vanaf 1974 was die Jooltema ook dié van die muurskildery. Bekende persone se gesigte het begin verskyn, onder meer twee rektore, proff Bingle (1974) en Tjaart van der Walt (1991). Dan pryk bekendes soos Mike Schutte, Margaret Thatcher, Nelson Mandela, FW de Klerk en biskop Desmond Tutu ook daar, terwyl Hollywood- en animasiekarakters talryk is.

Die skilder van elke jaar se muurskildery was ‘n grootse geleentheid en het gedurende die “uitmergelende nag voor Jool” plaasgevind. Derdejaars het die skildery beplan, die eerste- en tweedejaars moes die donkiewerk doen, en die vierdejaars kon die terrein besoek, kommentaar lewer en aanbevelings maak. Die tradisie van die duikweg se muurskilderye het tot ‘n einde gekom in 1994 nadat Beeldende Kunste in 1991 uitgefaseer is.

Eenheid in verskeidenheid

Die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO) het ‘n suksesvolle Diversiteitsdag aangebied. Verskeie personeellede het van die geleentheid gebruik gemaak om hul tradisies en gewoontes met hul kollegas te deel en sodoende hul leuse – eenheid in verskeidenheid – te versterk.

Mnr Bram Schouwstra, Hoof: Projekte en Kortkursusse, het ‘n draai in Nederland gaan maak en ‘n paar stereotipes die nekslag toegedien. Ander lektore in die Skool het ook interessante bydraes gelewer, soos mnr James Varughese wat vertel het van sy gereëld huwelik in Indië.

Mnr Johann Nel het ook ‘n beurt gekry en het interessantheid oor die Voortrekkers gedeel, soos bv. ‘n tang wat skoene gemaklik maak vir knokkeltone. Mnr Aubrey Fransman het met tipiese spitsvondigheid ‘n plesierige tweede Nuwejaarsviering in die Kaap uitgebeeld en ‘n baie interessante praatjie oor die herkoms en tradisies van ons Kleurlingvriende ingelui.

Die onderhandelinge rondom ‘n tradisionele Tswanahuwelik is ook uitgebeeld. Die twee families betrokke by so ‘n verbintenis is met soveel akkuraatheid en humor uitgebeeld dat almal gelê het soos hulle lag. Die verrigtinge is afgesluit met ‘n ete wat verskillende tradisionele disse ingesluit het.



Die personeel het aan mnr Aubrey Fransman se lippe gehang tydens sy praatjie. Hier is hy (voor) saam met mnre Leon Danster, Nathaneal Friesling en Hilton Visagie (agter van links na regs).



Die studente het tradisionele drag gedra en die kulture van verskillende lande en groepe uitgebeeld. Hierdie jong dame het die Xhosa-kultuur voorgestel.

Studente beeld kulturele diversiteit uit

Die vakgroep Bedryfsosiologie het 'n baie geslaagde werkswinkel oor "Diversiteit in die Suid-Afrikaanse werkplek" aangebied.

Volgens dr Leon Moolman – die koördineerder van hierdie geleentheid – het die tema van vanjaar se werkswinkel die onlangse FIFA-Sokkerwêreldbeker weerspieël, en het die nagraadse studente die kulture van Uruguay, Spanje, Duitsland, Suid-Afrika, Ghana, Frankryk en Nederland uitgebeeld.

Die werkswinkel het gefokus op diversiteit in die korporatiewe sfeer en hoe die toenemende kompeterende en globale wêrelddekaan die voorkoms van organisasies verander het.

Tydens die werkswinkel is die uitdaging van hoe om kulturele diversiteit binne die werksplek te bestuur deur verskeie opvoerings geïllustreer, en was dit duidelik dat kulturele diversiteit 'n baie groot emosionele ondertoon het. Hierdie variasies tussen individuele persepsie en oriëntasie dra by tot die uitdaging.

Die studente het die diversiteit van die Suid-Afrikaanse werkplek reflekteer deur tradisionele kleredrag te dra, kultuur-eie tradisies en gedrag uit te beeld en verskeie kulturele disses voor te berei.

Hierdie werkswinkel is 'n jaarlikse instelling op die kampuskalender en is een van die hoogtepunte van die honneursprogram in Bedryfsosiologie.

Prof kry dollars van Google

Prof Etienne Barnard van die Skool vir Inligtingstechnologie het 'n navorsingstoekenning van Google ter waarde van \$67 900 (Amerikaanse dollar) vir sy navorsingsprojek: "Voice search for under-resourced languages" ontvang.

Dié toekenning maak deel uit van die Google Research Awards Programme. Hierdie program ondersteun akademiese navorsing wat toegang tot inligting verbeter, en het ten doel om interaksie tussen Google en akademië te fasiliteer, en beter verhoudings en vennootskappe

met universiteite te bewerkstellig. Prof Etienne is baie opgewonde oor hierdie groot eer wat hul Skool te beurt geval het. "Die befondsing gaan ons help om 'n paar knap studente te kan inspan in hierdie projek, en gaan ook vir ons nuwe deure oopmaak in die internasionale navorsingsgemeenskap, waar Google se uitnemendheid wye respek ontlok," sê hy.

Volgens prof Etienne sal hulle voorts die toepassing van stemsoek ondersoek, sodat mense in ontwikkelende lande met spraak toegang tot inligting kan kry. In leketaal:

enigeen wat inligting op die Internet soek, moet dit kan vind deur bloot met 'n selfoon te praat! Om hierdie doelwit te bereik, sal verskeie navorsingsuitdagings met betrekking tot spraaktegnologie vir tale met gebrekkige taalhulpbronne aangespreek word.

Die belangrikste hiervan is die behoefte aan algoritmes om effektiewe akoestiese modelle en taalmodelle vir sulke tale te skep. Voorts sal masjiënvertaling ook ingespan word om inligting oor taalgrense heen beskikbaar te stel.

Vaaldriehoekkampus spog met eerste vroue-krieketspan

'n Groep talentvolle vroue het geskiedenis gemaak toe hulle die eerste amptelike vroue-krieketspan op die Vaaldriehoekkampus gevorm het. Dié span neem aan die Gauteng Eerste Vroueliga deel en het op 16 Oktober 2010 hul eerste wedstryd gespeel.

Volgens die afrigter, me Adri Olivier, is die span gemotiveerd om hul beste te lewer en as algehele wenners in die liga

gekroon te word. "Die toevoeging van 'n vroue-krieketspan sal die Kampus se sport-repertoire uitbou en kompeterende stukrag bied," sê Adri.

Die span bestaan tans uit 20 spelers, waarvan 16 geregistreerde universiteitstudente is. In die eerste rondte van die liga sal die span te staan kom teen Randburg, Delfos, Kagiso en die Vaal Universiteit van Tegnologie (VUT).





Hier is dr Herman van Vuuren van die SVO (links) saam met die eerste groep graduandi wat die Gevorderde Onderwysertifikaat in Skoolleierskap voltooi het.

SVO van die beste ter wêreld

Die studentegetalle van die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO) in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, het die afgelope 15 jaar van 27 tot 24 000 toegeneem. 'n Gemotiveerde personeelkorps en 'n strewe na kwaliteit is die sleutel tot hul sukses.

GROEI

In 1995 was daar slegs 27 afstandstudente, maar nou spog die SVO met 24 000 studente regoor Suid-Afrika en Namibië. Die Skool het 350 geakkrediteerde fasiliteerders wat by 35 studiesentrums met afstand-studente werk.

Dié sentrums is ten volle toegerus en bied al die nodige hulpbronne en ondersteuning aan studente – onder meer internettoegang en mini-biblioteke. Interaktiewe klasaanbiedings as deel van elektroniese leer begin ook in 2011.

Die Skool werk nou saam met die Open Learning Group wat administrasie betref, en registrasie geskied regdeur die jaar. Alle studiemateriaal word aan studente voorsien, en kontakklasse word twee maal 'n maand, asook tydens vakansieskole aangebied.

Dit is egter nie net studentegetalle wat groei nie. Die SVO word tans gehuisves in Gebou B11, maar om plek te maak vir hul 82 personele word 'n nuwe gebou langsaan opgerig. Die Skool oorhandig tussen 6 000 en 8 000 grade en diplomas per jaar en hou hul gradeplegtighede in

Potchefstroom, Polokwane, Nelspruit, Durban, George, Oos-Londen, Windhoek en Odangwa.

SUKSESSE

Prof Manie Spamer, Skooldirekteur, skryf die Skool se sukses toe aan toegewyde personeel. Dit is werklik 'n plesier om saam met so 'n positiewe, begeesterde span te werk," sê hy.

Die SVO fokus doelgerig op kwaliteit. 'n Onlangse internasionale ouditpaneel (met lede uit Uganda, Australië, Brittanje en België) het bevind dat die SVO se bedryf vergelyk met die beste in die wêreld. Alle akademiese programme is ook deur ander Suid-Afrikaanse universiteite beoordeel en uiters positiewe terugvoer is ook hier ontvang.

"Die huidige ekonomie en universiteitskapasiteit maak dit al hoe moeiliker vir voornemende studente om voltyds op 'n universiteitskampus te studeer, en daarom is afstandsonderrig die oplossing," sê prof Manie.

DROME VIR DIE TOEKOMS

Prof Manie voorsien dat daar in die toekoms heel moontlik 'n toevoeging tot die Universiteit gemaak kan word in die vorm van 'n afstandsonderrig-kollege wat voornemende studente beter kan toerus vir toetrede tot universiteit.

Ook die nuwe puntestelsel waardeur onderwysers binne 'n driejaarsiklus 'n aantal kortkursusse moet bywoon, is 'n verdere uitdaging wat aangespreek moet word.



Studente-registrasies by die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding is altyd 'n miernes van bedrywigheide.

Die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO) is verantwoordelik vir die indiensopleiding van onder- en ongekwalifiseerde onderwysers, asook die verdere opleiding van reeds gekwalifiseerde onderwysers, deur middel van die volgende programme:

- Die Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD) vir onderwysers sonder 'n driejarige onderwyskwalifikasie, met ten minste vyf jaar onderwyserervaring.
- Die Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) vir onderwysers met 'n driejarige onderwyskwalifikasie.
- Die Honneursgraad in Opvoedkunde (BEdHons) vir onderwysers met 'n BEd of 'n vierjarige onderwyskwalifikasie.
- BEd-opgradering vir afgestudeerde studente om hulle diplomas by te werk en aan te vul.

Volgens prof Manie ondersoek hulle ook tans nuwe onderwysprogramme wat volgens die nuwe onderwysplan gestruktureer is. Dit sluit die Gevorderde Onderwysertifikaat, die Gevorderde Nagraadse Diploma, en die driejaardiploma in.



MELANI NORTJE



KAONE GWAI



SUNA MEYER



HENDRA PRETORIUS



DANNYBOY MOLOTO



ELRIE BOTHA



DINÉ DU PREEZ



DANIE HEFER

Mense wat myle stap

Die einde van die jaar is om die draai, en ons gebruik graag hierdie geleentheid om vir 'n laaste keer hierdie jaar erkenning te gee aan die NWU-kollegas wat altyd bereid is om die tweede myl te loop in hul daaglikse werkverrigting.

Me Melani Nortje, assistentrekenmeester van die Departement Finansiële Administrasie in die Institusionele Kantoor is iemand wat nie aarsel om mense te help nie. "Sy het werklik baie werk om te doen, en kry dit steeds reg om vriendelik en behulpsaam te wees," sê me Ilze Combrinck, sekretaresse vir prof LJ Grobler in die Skool vir Meganiese Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus. "Sy kry dikwels navrae wat nie eintlik iets met haar veld te doen het nie, maar huiwer nooit om te help nie."

Volgens me Mamogale Tlholoe, 'n debiteureklerk in die Departement Finansies op die Mafikengkampus, loop **mnr Kaone Gwai**, 'n senior administratiewe beampte van dieselfde departement, op eie inisiatief die tweede myl vir ander kollegas. "Hy het 'n goeie agtergrondkennis van die Universiteit en wonderlike administratiewe vaardighede," sê Mamogale. "Hy is 'n onselfsugtige werker en sal nie twee keer dink om kollegas en kliënte te help nie. Hy wys nooit iemand weg nie, en maak seker dat die persoon gehelp word."

Nog 'n personeellid wat 'n pluimpie verdien, is **me Suna Meyer**, finansiële en projekadministrateur in die Afrika Sentrum vir Rampstudies in die Navoringsfokusarea: Sosiale Transformasie, in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus. Me Yolanda Maartens, 'n navorser en projek-koördineerder in dieselfde sentrum, sê dat sy altyd meer doen as wat van haar gevra word. "Suna is soos 'n ma vir ons in die kantoor," sê sy. "Sy het altyd raad en weet ook altyd wie om te bel as sy nie self kan help nie. Suna is 'n spesiale mens en haar vriendelikheid straal die wêreld vol – dankie vir alles wat jy vir ons doen!"

Me Nono Tshalane, 'n assistent in die Vaaldriehoekskampus Biblioteek neem graag haar kans waar om somer vier personeellede te nomineer. Volgens haar

is **me Hendra Pretorius**, biblioteekbestuurder, en **mnr Dannyboy Moloto**, administratiewe assistent by die informasietoonbank van die biblioteek, waarlik twee staatmakers. "Hendra is 'n besonderse mens en help met enige iets, nie net werksverwante aangeleenthede nie. Sy is 'n goeie luisteraar, het altyd begrip en motiveer my om 110% te gee in alles wat ek doen," sê Nono. "Dannyboy loop werklik die tweede myl. Hy is altyd professioneel en vriendelik en sal uit sy pad gaan om iemand te help."

Sy nomineer ook graag vir **dr Elrie Botha**, 'n senior lektor in Bedryfsielkunde in die Skool vir Gedragwetenskappe. "Dr Elrie is soos 'n moeder vir al die honneurstudente in die Skool. Sy is altyd georganiseerd, betroubaar en toegewyd en dit is 'n eer om saam met haar te kan werk." Nono nomineer ook graag vir **me Diné du Preez**, 'n studenteadviseur in die Departement Akademiese Ondersteuningsdienste. "Sy is altyd vriendelik en gaan altyd uit haar pad uit om studente te help," sê Nono.

Mnr Danie Hefer, Hoof van die Departement Finansiële Steundienste op die Potchefstroomkampus is nog 'n rolmodel. "Danie is nie net 'n staatsmaker wanneer dit by sy personeel kom nie, maar die deernis en toegewydheid waarmee hy na studente se belange omsien spreek boekdele. In die toekenning van finansiële hulp aan studente is hy altyd objektief en regverdig sonder om die menslike faktor te vergeet," sê me Triens Jacobs, administratiewe beampte in dié departement. "Dankie Danie, jy maak 'n groot verskil in die lewe van menige studente."

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

Vroue bemaagtig op die HERS-manier

Vyf NWU-vroue het hul bestuursvaardighede gaan opskerp by 'n HERS-konferensie wat van 12 tot 18 September 2010 in Kaapstad plaasgevind het.

Prof Susan Visser (Direkteur: Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus), dr Muki Moeng (Institusionele Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning), me Elbie Steyn (Registrateur: Vaaldriehoekkampus), prof Marlene Verhoef (Adviseur: Kantoor van die Visekanselier), en me Marilyn Setlalentoa (Departement Maatskaplike Werk, Fakulteit Sosiale Wetenskappe, Mafikengkampus) is deur die NWU genomineer om die week lange konferensie by te woon.

HULLE DRA KENNIS OOR

HERS-SA is 'n selfonderhoudende organisasie sonder winsoogmerk, gemik op die bevordering van vroue in die hoër-onderwyssektor. Hul jaarlikse konferensie bring vroue in middel- en senior bestuursposisies byeen.

By die konferensie verbreed hulle hul kennis, kry hulle geleentheid om te netwerk, en word hulle aangemoedig om te streef na die mees senior posisies aan hoërondewysinstellings. Dr Muki sê die oggendsessies – wat die groter prentjie van die hoërondewysomgewing geskets het – was baie bemaagtigend.

In die middae kon afgevaardigdes kies uit 'n wye verskeidenheid werksinkels.

“Ek het die werksinkel oor beplanning, hulpbronne, befondsing en begroting baie insiggewend gevind,” sê Elbie.

NWU-VROUE DEEL HUL KUNDIGHEID

Me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, en prof Amanda Lourens, Viserektor: Navorsing en Beplanning op die Potchefstroomkampus, was gassprekers by die Konferensie.

Phumzile het die gehoor toegesprek oor die uitbou van korporatiewe sake en verhoudinge in 'n hoërondewysinstelling, terwyl prof Amanda gepraat het oor haar loopbaan, lesse wat sy geleer het en die uitdagings waarvoor vroue in bestuursposisies te staan kom.

Tydens die konferensie het afgevaardigdes skouers geskuur met kollegas van 16 Suid-Afrikaanse universiteite, 12 universiteite elders in Afrika, 'n instansie in die VSA, en 'n instansie in Mauritius.



Eish! en die Institusionele Bestuur (IB) wens almal by die NWU 'n geseënde feesseisoen en 'n spoggerige Nuwejaar toe. Die bestuurslede wat die harde werk van almal by die NWU vier, is van links me Phumzile Mmope, (Korporatiewe Sake en Verhoudinge) prof Themba Mosia (Institusionele Registrateur), mnr Victor Mothobi (Mensekapitaal), prof Herman van Schalkwyk (Rektor: Potchefstroomkampus), dr Theuns Eloff (Visekanselier), prof Thanyani Mariba (Rektor: Vaaldriehoekkampus), prof Frikkie van Niekerk (Navorsing en Innovasie), prof Dan Kgwadi (Rektor: Mafikengkampus) en prof Johan Rost (Finansies en Fasiliteite).

